

Skenk jou skryfbehoeftes

Maak 'n verskil

Dis Januarie en die skooltas is reeds netjies gepak, propvol nuwe skryfbehoeftes om die nuwe skooljaar aan te pak. Vir talle gesinne is hierdie tyd van die jaar egter 'n groot bekommernis wanneer kinders, sonder die nodige skryfbehoeftes, benoud en skaam skool toe moet gaan. Saam kan ons egter 'n verskil maak en seker maak elke leerder begin die jaar met groot opgewondenheid!

Office National loods 'n nasionale projek waar skryfbehoeftes geskenk kan word aan minderbevoorregte leerders.

Bring jou ou potloodsakkie met vergete penne, potlode en meer om jou bydrae te lewer. Donasies word ook verder beloon met groot pryse vir skole en leerders wat deelneem. Neem 'n foto van jou donasie en plaas dit op sosiale media met die #ONmystationerypledge merk. Herald Office National sien uit om saam met jou 'n verskil te maak! #ONmystationerypledge



Dr Baan Dental Care skuif na Breëstraat

Maandag 11 Februarie 2018 is 'n groot dag vir Dr Baan Dental Care. Skaars twee jaar nadat hul deure vir die eerste keer geopen het in Heilbron kan hulle hierdie Maandag met sekerheid sê dat hulle hier is om te bly.

Dr Baan en haar span is oorstelp deur die geweldige ondersteuning van die Heilbron gemeenskap, asook die omliggende dorpe. Wat eers as 'n 2-dag praktyk sou begin het, het oorgeloop na 'n gevestigde praktyk wat hierdie Maandag hul deure open op hul nuwe perseel, Breëstraat 52, wat eens deur die Engo gesinsorgsentrum gebruik was.

Dr Baan meen dat die geleentheid opgeduik het om te skuif na 'n perseel wat meer sentraal sou wees en makliker toeganklik vir die publiek. Sy het nooit gedink dat sy eendag sou praktiseer in dieselfde gebou waar sy as dogtertjie haar gereelde tandarts besoeke afgelê het nie.

Dr Thinus Kotze het die gebou spesiaal ontwerp juis vir 'n praktiserende tandarts en Dr Baan Dental Care kan nou spog met kamers met 'n eie wagkamer en ontvangs, ekstra plek vir nog 'n spreekkamer en selfs 'n laboratorium. Dr Thinus Kotze was nie net Dr Baan se tandarts nie, maar ook haar dosent in haar finale jaar by die Universiteit van Pretoria.

Dr Baan se stoelassistent, Connie Fourie, het haar opleiding self ook by dr Thinus Kotze ontvang en Connie se eerste werk as

stoelassistent was by die einste praktyk te Breëstraat 52. Dr Baan en Fourie is 'n gedugte span.

Dit is met hartseer dat Dr Baan Dental Care afskeid neem van hul uitstekende ontvangsdame, Yvonne Smit. Die span praat met baie lof van Yvonne as iemand wat regtig 'n liefde vir mense het, altyd vriendelik, hardwerkend en wat geen probleem nie kon oplos nie. Sonder haar sou Dr Baan Dental Care nie vandag wees wat dit is nie en daarvoor sal hulle haar altyd ewig dankbaar wees.

Grace Scheepers sal by die span aansluit as die nuwe ontvangsdame en hulle sien uit om die nuwe jaar aan te pak.

Dr Baan Dental Care bied 'n verskeidenheid dienste in, wat strek van basiese tot gespesialiseerde tandheelkunde. Hul dien ook as 'n satellietpraktyk vir Marx dental van Bethlehem.

BEDANKING

Hierdie taak sou nie sonder die Hemelse Vader moontlik gewees het nie en daarom wil ons Hom dank en alle eer gee. Spesiale dank aan Tannie Yvonne vir alles wat sy vir ons gedoen het, daar is nie woorde om ons dank te betuig nie. Ons gaan haar geweldig mis. Baie dankie aan Sherell Senekal van Standerd Bank vir haar uitstekende diens. Baie dankie ook aan Johan Nelson vir die reparasies en bouwerk aan die nuwe perseel, en dan laaste maar nie die minste nie die getroue ondersteuning van die gemeenskap en pasiënte van Dr Baan Dental Care. Sonder julle was dit werklik nie 'n moontlikheid nie.




HEILBRON HERALD, VRYDAG 24 FEBRUARIE 2012 - GRASREN LOK MEESTE NOG DAAR KOM DIE WA: 'n Gebrek aan gees was daar beslis nie op hierdie wa nie. Die manne het die rit vernuftig in hul mobiele "swembad" aangepak.

Kom kuier saam by Dienssentrum



Op die foto bo is die kettieskieters gereed vir aksie. Met 'n alabaster in die kettie word daar gemik op die teikens. Voor: Basie Roos. Agter: Joggie van Velden, Sharky Kuhn, Sylvia Meades en Koos Smit. Die Heilbron Dienssentrum nooi almal in die gemeenskap uit wat belangstel om op Woensdae om 09:00 saam met ander lede te kom kettie skiet. Elke alternatiewe Woensdae word daar Jukskei gespeel. Belangstellendes is welkom om vir Sylvia Meades te kontak by 072 220 7272.